SÊ JOU SÊ!

GEWYSIGDE BELEID OOR VOORSIENINGSKANAALBESTUUR (SCM)

Die Stad Kaapstad nooi lede van die publiek en belanghebbende partye om kommentaar oor die gewysigde SCM-beleid te lewer.

Die beleidswysigings het ten doel om die SCM-beleid verder met verbeterde tenderevalueringsprosesse te laat strook en die klousules wat risiko vir die Stad inhou, te versterk.

Die bedoelde uitkomste van die wysigings is om die Stad se reputasie te beskerm teen risiko as gevolg van kontrakteurs wat nie hul subkontrakteurs betaal nie en om gepaste optrede teen sodanige kontrakteurs te neem. Mitigasiemaatreëls teen misbruik van die SCM-stelsel word verder bevorder deur die uitsluitingstydperk van 'n verskaffer op die tenderwanpresteerderslys van vyf (5) na tien (10) jaar te verleng. In lyn met 'n appèlbeslissing in die hooggeregshof, word die bodgeldigheidsklousule gewysig om toestemming vir die verlenging van die bodgeldigheidstydperk slegs van responsiewe bieërs te versoek.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, kan die publiek en belangstellende partye van 5 Maart 2026 tot 7 April 2026 kommentaar by die munisipaliteit indien.

Kommentaar, aanbevelings of insette kan soos volg ingedien word:

E-pos: SCM.Enquiries@capetown.gov.za, vir aandag: Adam Kariel
Aanlyn: Skandeer die QR-kode om jou kommentaar digitaal in te dien
Skriftelike voorlegging: Aflewering by enige van die Stad se subraadskantore of Stadsbiblioteke (in die kommentaarhouer voorsien)
Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay en www.capetown.gov.za/collaborate

Have Your Say Platform

Collaboration Platform

Die gewysigde SCM-beleid, tesame met 'n beknopte opsomming van die wysigings kan op die Stad se webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay besigtig word. Die beknopte opsomming sal ook tydens die openbaredeelnametydperk in al drie die Wes-Kaap se amptelike tale by subraadskantore beskikbaar wees.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense met gestremdhede wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien.

Vir spesiale bystand kontak Zandile Mahlasela by 021 400 5501 of Zandile.Mahlasela@capetown.gov.za.

Kontak die Stad by SCM.Enquiries@capetown.gov.za indien jy meer inligting nodig het oor die gewysigde beleid of oor hoe om kommentaar in te dien.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA39/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.